Grootfontein Skou- Saalperd Nasionale Kampioenskappe
& Fries en Vlaam Nasionale Kampioenskappe
21-23 Spetember 2016

Uitnodiging en Algemene Inligting

Hiermee word elke perde liefheber hartlik uitgenooi om te kom deelneem aan die 2016 Grootfontein Perde Skou, waar ons vanjaar beide die Saalperd en Fries en Vlaam Nasionale Kampioenskappe aanbied.

Dit is vir ons 'n groot voorreg en eer om die jaar se skou aan te bied en hoop om al ons stalle propvol te hê en dat almal sal heerlik kuier tydens die geleentheid. Daar word die Vrydagaand 'n ete aangebied, maak asseblief seker dat u bespreek en jul getalle reg deurgee vroegtydig. Tydens die ete sal die oorhandiging van pryse plaasvind.

Ons vra asseblief dat al ons vertoners hulself sal onderwerp aan die reëls en regulasies van die Namibiese Saalperd Vereniging en dus al die nodige dokumentasie sal voltooi so deeglik moontlik. Omrede die skou die jaar twee Nasionale Kampioenskappe huisves is dit baie belangrik dat ons die hoogste standaard handhaaf in al ons afdelings.

Julle sal oplet dat daar hierdie jaar 2 opwarmings bane is, die 1 is waar enige ruiter enige tyd kan opwarm vir hul klasse, maar let asseblief daarop dat ruiters wat in lynstaan vir die volgende klasse ten alle tye gerespekteer word en dat kinderruiters asseblief nie sonder toesig in enige opwarmings arena moet wees nie. Die 2 de opwarmings baan wat naaste aan die groot skou baan is, is aleenlik vir die ruiters bedoel wat die skoubaan ingaan vir die volgende klas, hier gaan streng na omgesien word sodat alle deelnemers binne die reëls en regulasies optree, maak asseblief dus seker dat jy reg beklee is en jou perd reg getack is vir die volgende klas. Daar gaan ook 'n gekwalifiseerde versamelbaan beampte in die 2de opwarmings arena wees wat hierna sal kyk. Wees ook asseblief betyds vir alle klasse, daar sal nie geduld word dat ruiters en perde laat die skoubaan binnegaan nie, ons het 'n groot groep perde wat deur moet gaan en deur laat te wees vir enige klas dui op disrespek vir ander ruiters.

Gaan asseblief al die reëls en regulasies noukeurig deur wat saam die inskrywings vorm aan u gestuur is. Sou daar enige vrae wees moet asseblief nie twyfel om enige van die organiseerders te kontak nie.

Die sluitings datum vir alle inskrywings is 1 September 2016, enige laat inskrywings sal nie aanvaar word nie.